# Visie vir Plattelandse Veiligheid

Om 'n **veilige** plattelandse omgewing waar inwoners kan floreer en lewe sonder vrees, te skep

# Plattelandse Veiligheidstrategie

Plattelandse veiligheid is deel van 'n integrale en holistiese dag-tot-dag. Misdaadvoorkomingsbenadering, wat gebaseer is op die beginsels van Sektor Polisiëring.

Die doel van die strategie is om die behoeftes van die hele plattelandse gemeenskap aan te spreek deur die bevordering van die doeltreffende en toegewyde deelname aan en betrokkenheid van alle rolspelers op 'n integrale, gesamentlike en gekoördineerde wyse.

Die strategie is op vier pilare gebaseer, naamlik:-

Pilaar 1: Verbeterde dienslewering
Pilaar 2: Integrale benadering
Pilaar 3: Gemeenskapsbewuswording
Pilaar 4: Plattelandse ontwikkeling



# Hoekom Plattelandse Veiligheid?

- Die landbousektor is een van die ekonomiese pilare in Suid-Afrika
- Om die volhoubare ontwikkeling van die plattelandse sektor te verseker, is Plattelandse. Veiligheidsplanne geïmplementeer op stastievlak om veiligheid in die plattelandse gebiede te verseker

# Ons Onderneming

Die Suid-Afrikaanse Polisiediens is toegewy daaraan om die veiligheid van die plattelandse gemeenskap te verseker.

Ons vertrou dat hierdie riglyne vir u as gemeenskapslede tot hulp sal wees en sal bydra tot u persoonlike veiligheid en die skepping van 'n veilige omgewing waar u kan lewe sonder vrees.

Ons het 'n gesamentlike verantwoordelikheid - raak betrokke in die aktiwiteite in u polisiëringsgebied, dit kan tot u voordeel wees. U bydraes in die Sektor Polisiëring, die funksionering van die Gemeenskapspolisiëringsforum of selfs om by die Suid-Afrikaanse Reserwepolisiediens as 'n vrywilliger aan te sluit, is baie nodig om die probleme wat op gemenskapsvlak ondervind word, te identifiseer.







Mens moet proaktief wees en bereid wees om enige gebeurlikheid wat u eie of die lewe van u geliefdes bedreig, die hoof te bied. 'n Waaksame gemeenskap is 'n baie meer onoorkomelike afskrikmiddel vir enige misdadiger.

Dit is u verantwoordelikheid as lede van die gemeenskap om voorkomingsmaatreëls te implementeer om te verseker dat u nie die slagoffers van misdaad word nie. Dit sluit verskerpingsmaatreëls soos sekuriteit en honde in, en bewuswording van hoe mens behoort op te tree as jy aangeval word.

Saam kan ons die verskil vir alle inwoners van Suid-Afrika maak, en ook 'n land skep wat internasionaal as 'n veilige reisbestemming erken word.

Veiligheid begin by u as 'n individu. Verseker dat al die basiese veiligheidsmaatrëels in plek is in u onmiddellike omgewing.

U kan oorweeg om:


- fisiese beskermingsmaatreëls te implementeer
- goeie veiligheidsgewoontes aan te leer

# Fisiese Beskermingmaatreëls

- 'n Hoë heining om die huis met sluitbare hekke, is baie veiliger as 'n hoë muur as gevolg van die voordeel van die verbeterde sigbaarheid wat dit aan u bure verskaf en wanneer u u huis nader.
- Lemmietjiesdraad, doringdraad, leë blikkies of klokkies kan aan die heining vasgemaak word om die vroeë waarskuwingsvermoë daarvan te versterk.
- Verseker dat u hekke en deure te alle tye gesluit is en dat die sleutels nie maklik bereikbaar is of ongekontroleerd rondlê nie.

U kan ook die volgende toestelle oorweeg om maklike toegang tot u erf te voorkom:

- Diefwering voor vensters
- Veiligheidshekke
- Dubbele heinings
- Sekuriteitshekke
- Lemmietjiesdraad
- Diefwering agter deure
- Addisionele sluittoestelle op deure
- Versterking van deure
- Loergaatjies in deure
- Veiligheidskettings na deure
- Interkomstelsel tussen die huis en hek, voordeur of motorhuis
- Alarmstelsels, óf meganies en/óf elektries, of geïmproviseerde stelsels, soos ingerygde blikke, gruis op opritte en vensterbanke, paadjies of om die huis, sowel as honde of enige ander beskermingsdiere.



Z-CARD® PocketMedia® (Trade marks used by Z industries Ltd under licence). This product is a doubly-folded sheet card. These products and associated machinery and processes are subject to South African, African and world-wide patents granted and pending, copyright, trade marks and other intellectual property rights including South African patent number 93/1635 © 2011 Z Industries Ltd. Produced under licence by PocketMedia® Solutions: Tel: 0861 092 273 Fax: 0865 155 551
www.zcard.com Job No.: JS/173/3254









# Veiligheidsgewoontes

## Wees waaksaam!

- Verseker dat alle deure (insluitende veiligheids- en motorhuisdeure) te alle tye gesluit is, en dat vensters toegemaak word wanneer u binne is of nie tuis is nie.
- Verseker dat u die korrekte sleutel reg het voor u u motor of voordeur oopsluit. Wees waaksaam en wees bewus van u omgewing en enige potensiële gevaarlike omstandighede.
- Moenie enige persoon op u eiendom toelaat sonder om hom of haar eers behoorlik te identifiseer nie.
- Wanneer u u tuiste verlaat, lig u familie of bure in van u voorgenome bestemming, die tyd wat u verwag om terug te keer en die roete wat u gaan ry, veral as u op die platteland woon.
- Verseker dat gereedskap soos byle, grawe, pikke, passerkoevoete en lere wat gebruik kan word in 'n aanval, toegesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.
- Tref die nodige voorsorgmaatreëls teen diefstal. Verseker dat motorhuisdeure, gereedskapskure en stoorkamers toegesluit is wanneer u nie in die omgewing is nie.
- Wissel u daaglikse roetine af.
- As u onseker is oor die sekuriteitstatus van u tuiste nadat u van die werk of 'n kuier terugkeer, bv die honde kom nie na die hek toe nie, moenie ingaan nie. Skakel u bure om u te help om u huis te beveilig. Dit sal lokvalle voorkom.
- Moenie blindelings op suspisieuse geluide snags reageer sonder vooraf raadpleging van 'n buurman or sekuriteitsverskaffer vir moontlike bystand nie.
- Identifiseer relatiewe veilige plekke vir skuiling, bv die badkamer, toilet of stoorkamer. Hoe minder vensters en deure, hoe better.
- Handhaaf goeie verhoudings tussen werknemers en werkgewers, en ook met u bure.
- Verseker dat u die kontakbesonderhede van u bure byderhand het in 'n noodgeval.
- Hou rekords en persoonlike besonderhede van alle werknemers. Moenie enige ongedokumenteerde trekarbeiders in diens neem nie.
- Probeer om in die daglig terug te keer na u tuiste nadat u weg was.
- Leer ken die protokol vir plaasbesoeke deur die polisie of bure.
- Kry u werknemers betrokke as deel van die familie/span op 'n gelyke basis om veiligheid te handhaaf.
- Deel inligting oor suspisieuse bedrag met die Suid-Afrikaanse Polisiediens.
- Maak gereeld die bosse, lang gras en ander wegkruipplekke om u eiendom skoon.
- Doeltreffende kommunikasie is 'n deurslaggewende deel van plattelandse veiligheid. Dit is dus noodsaaklik dat elke plaas met ander plase in die omgewing moet kan kommunikeer, en ook met die Suid-Afrikaanse Polisiediens.
- Oorweeg die instel van 'n buurtwagstelsel.
- Evalueer gereeld die veiligheid van u eiendom om swak plekke en veiligheidsrisikos te identifiseer.
- Moedig veiligheidsbewustheid en die onmiddellike rapportering van suspisieuse aktiwiteite by u plaaslike polisiestasie, aan.
- Maak seker dat u die telefoonnommer van u plaaslike polisiestasie en sektorbevelvoerder ken.
- Moenie alleen in afgesonderde of stil plekke loop nie.

# Maatreëls om in Ag Te Neem Tydens 'n Noodsituasie

- Dink - beheer is u eerste lyn van verdediging
- Bly kalm, moenie paniekerig raak nie
- Moet u nie teësit nie - u lewe is belangriker as aardse besittings
- Verdedig uself net as u lewe of die lewens van u geliefdes, in direkte gevaar is
- Konsentreer op identifikasiemerke. Let op na die aanvaller se ouderdom, lengte, haarkleur, oë, littekens en enige ander duidelike fisiese kenmerke, soos klere, spraak, taal en gedragspatrone.
- Laat soveel moontlik fisiese bewyse, soos vingerafdrukke/voetafdrukke, eiendom of enige ander vorm van identifikasie, op die toneel van die aanval agter as wat u kan.
- Skakel u plaaslike polisie so gou as moontlik.
- Verseker dat u die Suid-Afrikaanse Polisie se noodnommer - 10111 - ken

# Plattelandse Veiligheid en U Plaaslike Polisiestasie

Raak betrokke by die opstel van die stasie se Plattelandse Veiligheidsplan

Verseker dat u ingelig is oor die stasie se Plattelandse Veiligheidsplan, en watter rol u daarin kan speel

Gee u volle ondersteuning aan die stasie bevelvoerder en lede by die polisiestasie

Ken en vertrou u plaaslike polisie





